# HOOFSTUK 5

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS

## 5.1 SAMEVATTING

Geen moderne tegnologie of kennis kan die geheime wat opgesluit lê in die skepping van die menslike liggaam uitlê nie. Uit dankbaarheid teenoor God kan die mens maar net ‘n nederige poging aanwend om die potensiaal wat opgesluit lê in sy liggaam te ontwikkel. Die fisies, psigies en geestelike dimensies van menswees is so nou verwant aan mekaar dat nie een van die drie optimaal kan funksioneer sonder die ander twee nie. Uit die menslike liggaam met sy verskeie komponente, sowel as die invloed van omgewings-faktore, ontwikkel die persoonlikheid. Teoretici het deur die eeue heen die diepte van die persoonlikheid probeer peil en legio verduidelikings daarvoor voorgestel, maar steeds bly daar soveel onbeantwoorde vrae, waarvoor ons steeds poog om oplossings te vind. Daar is reeds feite en bewyse beskikbaar gestel vir ons rakende die persoonlikheid, nogtans bly die uitdagings geweldig groot om op hierdie feite te verbeter.

Teen hierdie agtergrond het hierdie studie hoofsaaklik ten doel gehad om:

- Vas te stel of daar ‘n verband is tussen bepaalde persoonlikheidstrekke en sportdeelname.
- Vas te stel of bepaalde persoonlikheidstrekke by krieketspelers figureer in die algemeen en ten opsigte van speelvlakke, speelposisies en ouderdomme.

Die navorsing wat gedoen is, het bestaan uit ‘n literatuurstudie en ‘n empiriese ondersoek.

### 5.1.1 Samevatting van die literatuurstudie

Alhoewel navorsers in sekere opsigte verskil oor wat persoonlikheid en verwante konsepte is, stem hulle saam dat persoonlikheid ‘n komplekse term is en dat die studie van persoonlikheid bemoeilik word deurdat elke mens alleen toegang het tot sy of haar dieper gedagtes en gevoelens. Persoonlikheid word ook nie as staties beskou nie, omdat dit in 'n groot mate op aangeleerde eienskappe en response berus. Daar bestaan ‘n verskeidenheid teorieë om persoonlikheid en verwante konsepte te verklaar.

.

Volgens die psigodinamiese teorie word klem gelê op die rol van onbewuste seksuele en aggressiewe drange. Hierdie drange word deur Freud gesien as hoof-determinante van gedrag. Aggressie in sport kan byvoorbeeld dien as ‘n potensiële voorbeeld van die psigodinamiese teorie.

Die behavioristiese teorieë fokus weer hoofsaaklik op die wysiging van gedrag, en sien menslike gedrag as ‘n funksie van onbewuste motiewe en onderliggende neigings, sowel as ‘n funksie van sosiale leer. Hierdie beginsels van die behavioristiese teorieë, hou belangrike implikasies in vir die beïnvloeding van gedrag in sport. Gesien vanuit die perspektief van sosiale leerteorie is gedrag nie slegs ‘n funksie van die onbewustelike motiewe (soos in die psigoanalitiese teorie) of onderliggende vatbaarheid nie. Menslike gedrag is eerder ‘n funksie van die sosiale leer en die krag van die situasie. ‘n Individu se gedrag word bepaal deur dit wat hy/sy geleer het, aangesien dit ooreenstem met die omgewingsbeperkinge.

Humanisme kan gesien word as ‘n teoretiese alternatief vir psigoanalise en behaviorisme, hoewel dit aspekte van albei teorieë insluit. In hierdie benadering word die individu as ‘n holistiese wese beskou, wat strewe na selfaktualisering. Hoogstaande prestasies kan egter volgens Maslow, net

bereik word indien basiese behoeftes bevredig is en persoonlike waardes en doelwitte bereik is.

In die trekteorieë poog teoretici om mense te klassifiseer volgens ‘n beperkte aantal persoonlikheidseienskappe of -trekke. Die trekteoretici is verder van mening dat persone oor geselekteerde persoonlikheidseienskappe moet beskik om sukses te kan bereik.

Benewens die bogenoemde vier teorieë is daar ook enkele benaderings bespreek, naamlik, die situasionele benadering, die biologiese benadering en die interaksionele benadering.

Op grond van die teorieë wat bespreek is, het dit navore gekom dat daar uiteenlopende benaderings is ten opsigte van persoonlikheid. Daar is ook verwante konsepte wat voort gevloei het uit die term persoonlikheid. Hierdie konsepte is temperament en karakter.

Uit die bespreking in hoofstuk 2, is dit duidelik dat temperament dui op die verskille wat reeds tussen pasgebore babas waarneembaar is. Persoonlikheid kan beskou word as dit wat in sosiale interaksie ontwikkel, en veral in sosiale situasies waarneembaar is, terwyl karakter die meer innerlike komponent van 'n persoon verteenwoordig. Dit word egter aanvaar dat hierdie verband ten opsigte van persoonlikheid, nie so eenvoudig is nie, en dat hierdie drie aspekte, naamlik persoonlikheid, karakter en temperament, in 'n noue verband met mekaar vervleg is.

Na hierdie teoretiese begronding en bespreking is daar gekyk na die verband tussen persoonlikheidstrekke en sport. Die studie tussen persoonlikheids-trekke en sport is ‘n komplekse studie, maar dit het gelei tot interessante

bevindinge, wat hoofsaaklik betrekking gehad het op drie areas, naamlik deelnemers versus nie-deelnemers, suksesvolle versus nie-suksesvolle atlete en die keuse van sport. In al drie hierdie areas is melding gemaak van dominante persoonlikheidstrekke wat deelnemers van nie-deelnemers, suksesvolle atlete van nie-suksevolle atlete onderskei en ‘n invloed het op die keuse van ‘n sportsoort.

Uit die literatuur blyk dit dat deelnemers byvoorbeeld meer dominerend, selfversekerd, minder sensitief, ekstroverties, onafhanklik en sosiaal is as nie-deelnemers. By suksesvolle atlete word persoonlikheidstrekke soos aggressiwiteit, toewyding, vasberadenheid, emosionele beheer, leierskap, selfvertroue, deursettingsvermoë, intelligensie, lojaliteit en geestelike taaiheid as belangrik beskou.

Laastens is daar ook beduidende verskille opgemerk by persoonlikheidstrekke wat voorkom tussen spansportsoorte en individuele sportsoorte. So byvoorbeeld blyk dit dat atlete wat aan individuele sportsoorte deelneem, meer afhanklik, minder angstig en emosioneel is, meer introverties is en meer objektief is as atlete wat aan spansportsoorte deelneem. Laasgenoemde atlete is meer geneig om ekstroverties te wees, meer angstig en verbeeldingryk en is minder sensitief.

Volgens die teoretiese ondersoek kan dus afgelei word dat daar ‘n verband bestaan tussen persoonlikheidstrekke en sportdeelname.

### 5.1.2 Samevatting van die empiriese ondersoek

Daar is vooraf met skoolhoofde en afrigters in verbinding getree en die doel van die studie is verduidelik. ‘n Datum en tyd is vasgestel vir die afneem van die vraelyste. Die navorser was persoonlik teenwoordig met die afneem daarvan om verduidelikings te verskaf.

Die empiriese studie bestaan uit ‘n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes met krieketspelers en afrigters uit nege hoërskole en drie krieketklubs in die Ekurhuleni distrik. Krieketspelers het drie vraelyste voltooi, naamlik ‘n outobiografiese vraelys, en twee gestandaardiseerde vraelyste, naamlik die 16 PF en EPI. Afrigters het ‘n gedeelte op die outobiografiese vraelys voltooi en moes spelers se vlak van spel, volgens ‘n vyfpunt-skaal beoordeel.

Na voltooiing van die vraelyste is dit gekontroleer vir weglatings en foute. Vraelyste is met die hand gekodeer om routellings te verkry, wat met behulp van normtabelle omskryf is na standaardtellings. Daar is verder van die SAS-rekenaarprogram gebruik gemaak wat die nodige grafieke en interne vergelykings verskaf het. Eerstens is ‘n frekwensie-analise uitgevoer om dominante persoonlikheidstrekke by krieketspelers in die algemeen en ook ten opsigte van speelvlakke, speelposisies en ouderdom te bepaal. Verder is variansie-analises uitgevoer om enige betekenisvolle verskille in persoonlikheidstrekke ten opsigte van speelvlakke, speelposisies en ouderdom te bepaal. Aansienlike konflikte het egter tussen die resultate van die 16 PF en die EPI voorgekom. Ook kan geen betekenisvolle verskille ten opsigte van die EPI resultate aangeteken word nie. Die resultate van die EPI is uiteindelik nie in aanmerking geneem vir besprekings nie. Na aanleiding van die verwerking en interpretasie van die 16 PF resultate, kon die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

#### 5.1.2.1 Gevolgtrekkings ten opsigte van algemene trekke van krieketspelers

(i) Persoonlikheidstrekke soos opportunisme, realisme, aggressiwiteit en om ekstroverties te wees figureer die sterkste by krieketspelers.

#### 5.1.2.2 Gevolgtrekkings ten opsigte van krieketspelers op verskillende vlakke

(i) Krieketspelers op klubvlak blyk om ‘n neiging te hê tot ‘n hoër vooroordeel as gewone skoolspan krieketspelers.

(ii) Krieketspelers op klubvlak neig om meer selfbeheersd te wees as skoolkrieketspelers. Skoolspan krieketspelers toon ‘n groter minagting van sosiale reëls as klub krieketspelers.

(iii) Konkrete denke figureer sterker by skoolvlak krieketspelers.

#### 5.1.2.3 Gevolgtrekkings ten opsigte van krieketspelers en die verskillende posisies waarin daar gespeel word

(i) Boulers toon ‘n groter minagting van sosiale reëls asook meer geesdriftigheid en onverskilligheid as kolwers en paaltjiewagters. Kolwers is weer meer prakties en versigtig as boulers en paaltjiewagters.

(ii) Paaltjiewagters neig om betekenisvol meer ekstroverties, aktief en deelnemend te wees as kolwers.

#### 5.1.2.4 Gevolgtrekkings ten opsigte van krieketspelers en die verskillende ouderdomme waarop daar krieket gespeel word

(i) Ouer krieketspelers neig om ‘n hoër vooroordeel te toon as jonger krieketspelers.

(ii) Ouer krieketspelers neig om meer geesdriftig, selfversekerd en selfgedissiplineerd te wees as jonger krieketspelers.

(iii) Jonger krieketspelers neig om meer bekommerd, angstig, gespanne en gejaagd te wees as ouer krieketspelers.

Na aanleiding van hierdie gevolgtrekkings, is dit belangrik om daarop te let dat ten spyte van die gunstige resultate, daar ook tekortkominge ervaar is tydens die studie.

## 5.2 TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE

Heelwaarskynlik is die belangrike tekortkominge van die studie die feit dat slegs die 16 PF en die EPI as gestandaardiseerde vraelyste as meetinstrumente ingespan kon word. Heelwat ander toetse soos die Meyers Briggs, die Atletiese Motiveringsinventaris, die Profiel van Gemoedstoestande ensomeer is oorweeg, maar kon vanweë óf die koste verbonde óf die onbekombaarheid daarvan nie ingespan word nie. Die feit dat die resultate van die EPI ook nie in berekening gebring is nie (sien verduideliking in teks) dra verder by tot die leemte wat meetinstrumente betref.

‘n Verdere leemte in die navorsing is die afwesigheid van ‘n vergelykende studie tussen krieketspelers en nie-krieketspelers. Dit is byvoorbeeld moontlik dat die diskrepansie wat tussen die persoonlikheidstrekke van jonger en ouer krieketspelers gevind is, ook in die gewone populasie reflekteer of bestaan.

## 5.3 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die huidige studie word die volgende aanbevelings gedoen:

Eerstens behoort vasgestel te word in hoeverre die diskrepansies wat gevind is tussen die persoonlikheidstrekke van jonger en ouer krieketspelers, uniek is aan krieketspelers en of dit dalk ook voorkom by ander sportsoorte en by die algemene populasie. Dit geld ook vir die algemene persoonlikheidstrekke soos geïdentifiseer by krieketspelers.

Verder behoort ondersoek ingestel te word na die betekenisvolle verskille wat gevind is tussen die persoonlikheidstrekke van boulers, kolwers en paaltjiewagters. Kan hierdie verskille geverifïeer word deur verdere ondersoeke, en bestaan daar ook betekenisvolle persoonlikheidsverskille tussen byvoorbeeld goeie boulers, kolwers, paaltjiewagter en veldwerkers en swakker spelers in dieselfde posisies?

Ten slotte behoort krieketafrigters kennis te neem van die bevindinge van hierdie ondersoek en behoort dit sover moontlik prakties geïmplimenteer te word by die selektering van krieketspelers vir veral verskillende speelposisies (boulers, kolwer, paaltjiewagters).

## 5.4 SLOTOPMERKINGS

Hierdie studie ten opsigte van krieketspelers is nie sonder leemtes nie en het inderdaad die gebrek aan ervaring van ‘n jong (maar entoesiastiese) navorsing blootgelê. Nogtans word die vertroue uitgespreek dat die bydrae van hierdie navorsing ‘n (geringe) impak sal lewer op die globale oplossings waarna ons almal (as navorsers) strewe.